**Skriflesing: Johannes 3 vers 1 tot 21 en Numeri 21 vers 4 tot 9**
**Tema: Sonder 'n tweede geboorte is jy nog dood!**

God bring vandag Sy boodskap vir ons deur Johannes. Indien Johannes regtig hier was, is ek nie so seker dat ons na hom sou luister nie. Ons lees die volgende van hom in Matteus 3 vers 4: "[4]Hierdie Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy het van sprinkane en veldheuning gelewe." Sien u waarom ek sê dat sommige van ons hom eerder sou wou vermy?

Tog kies God Johannes as die wegwyser wat die koms van die ware Verlosser aankondig. In Johannes 20 vers 31 vind ons sy rede vir die skrywe van die boek van Johannes: "Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê."

Nikodemus was 'n Jood en 'n Fariseër. Die Jode het gedink dat, omdat hulle direkte afstammelinge van Abraham was, hulle outomaties verseker was van 'n plek in die hemel.

Die Fariseërs het vir redding hul nougeset by die wetsvoorskrifte en voorvaderlike tradisies, die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte, gehou. Hulle het geglo dat as jy net hierby hou, jou saak met God reg is. Dit gee vir jou lewe. Nikodemus was besny, hy was 'n student van die wet, hy het al die papiere gehad as die lid van 'n uitgelese groep kerkmense. Hy was op die kruin van sy loopbaan. As Fariseër het hy geglo dat Christus uit die geslag van Dawid sou kom en op aarde koning van 'n vry en soewereine volk Israel sou wees.

Nikodemis was 'n baie onwaarskynlike kandidaat om Jesus openlik te volg. Omdat hy so 'n gesiene man was, kom hy in die nag na Jesus toe en sê vir Hom: "Rabbi, ons weet dat U 'n leermeester is wat van God af gekom het, want niemand kan hierdie wondertekens doen wat U doen, as God nie by hom is nie."(Joh 3:2) In die eerste 12 hoofstukke van die boek Johannes is 7 wondertekens wat Jesus gedoen het, opgeteken. Dit begin by die water wat in wyn verander is by die bruilof in Kana en eindig by die opwekking van Lasarus.

Ons lees nie in Johannes die tradisionele geboorteverhaal van Jesus nie. Sommige kommentare sê dat ons Johannes se geboorteverhaal hier in Johannes 3 vind. Jesus het drie maal vir Nikodemus gesê dat as iemand nie letterlik van bo of opnuut gebore word nie, kan hy of sy nie in die koninkryk van God ingaan nie. Jesus se antwoord verpletter die Joodse aanname oor hulle rasse-identiteit; die aanname dat hulle plek as Jode verseker was in God se koninkryk. Jesus maak dit duidelik dat jou ras, afkoms, kultuur, taal, tradisie ensovoorts nie vir jou 'n plek in die koninkryk verseker nie.
Jesus sê onomwonde vir Nikodemus dat net sy wedergeboorte hom die versekering gee dat hy die ewige lewe sal ontvang. "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie."

Ons vind hier die geboorteverhaal van 'n Christen. Ek en jy het nie iets bygedra by ons eerste geboorte op aarde nie. Net so kan ons by ons tweede geboorte onsself nie red nie. Redding is 'n geskenk van God. God drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees red ons volledig. Sy redding konfronteer ons met 'n keuse.

Geestelike geboorte gebeur deur die Heilige Gees. Die wind waai waar hy wil. Ons hoef tog nie die werking van die wind te verstaan nie, maar ons kan die gevolge van die wind voel, hoor, sien en ervaar. Net so werk die Heilige Gees. Ons hoef dit nie te verstaan nie. Ons moet God se geskenk aanneem. Wanneer ek toelaat dat Hy beheer oorneem, verander die Gees my lewe onherroeplik.

Geboorte van bo gebeur ook deur Jesus Christus. Ons lees die samevatting van die evangelie in Johannes 3 vers 16: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."
In die Boodskap staan so treffend in Johannes 3 vers 17: "[17]God het nie sy Seun na hierdie wêreld toe gestuur om net vir almal te kom sê hoe sleg hulle is nie. Nee, Hy het Hom gestuur sodat mense wat sleg was weer by God kon uitkom."

Ek moet net God se geskenk aanvaar. Ek moet opkyk na die paal, die kruis waaraan Jesus gehang het. Ek moet in geloof aan die Here oorgee, dan word my lewe gered. Geloof is nie my prestasie nie. Dit is die bedelaarshande waarmee ek die geskenk van redding ontvang wat God in liefde vir my wil gee.

Deur die genade van die Here kan die meeste van ons bely dat ons dit al gedoen het, maar het ons regtig? Dit is meer as net 'n belydenis. Oorgegee aan God verander Hy my lewe in 'n lewe van gehoorsaamheid aan Hom.

Nikodemus sluip die eerste keer in die nag na die Here. Na sy tweede geboorte, word dié nagdissipel 'n onverskrokke daggetuie. Ons lees weer van Nikodemus in Johannes 7 en Johannes 19. Nikodemus het probeer om 'n regverdige verhoor vir Jesus te verkry en het Hom in sy afwesigheid by die Joodse Raad verdedig: "Nikodemus, wat voorheen na Jesus toe gekom het en wat een van hulle was, sê toe vir hulle: 'Volgens ons wet kan ons mos nie sommer iemand veroordeel sonder om eers sy kant van die saak te hoor en vas te stel wat hy doen nie." (Johannes 7 vers 50-51).
In Johannes 19 vers 39-40 vind ons weer vir Nikodemus: hierdie keer saam met Josef van Arimatea. Toe die dissipels bang weggekruip het, het hy Jesus se liggaam gebalsem. "Nikodemus, wat 'n keer in die nag na Jesus toe gekom het, het ook gekom en 'n mengsel van omtrent 50 liter mirre en aalwyn gebring. Hulle het die liggaam van Jesus geneem en dit met die geurolie behandel en in doeke toegedraai, soos dit die gebruik van die Jode was om iemand vir die begrafnis uit te lê."

**Afsluiting**
Sonder 'n tweede geboorte is jy nog dood!
Of jy is 'n kind van die Here hier en nou en jy dien Hom openlik altyd en oral of jy is verlore. Daar is nie nie iets soos 'n geheime nag "undercover" Christen nie. Jy het God se geskenk aangeneem of nie. Jy is van bo gebore of nie. Jy is 'n Christen of jy is nie 'n Christen nie. **Amen**